# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 2

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**

Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## "CONNECT" MET GOD

## MATT 4 EN GEN 2&3

### OMGEE

Maak in 1 min 'n lys van al die maniere om krag te spaar en in die volgende 1 min 'n lys van maniere om krag te herlaai.
In Lydenstyd vas Christene (van regoor die wêreld) deur bv. een ete per dag minder te eet, of sjokolade of koffie uit te sny, of deur vroeër op te staan om te bid. Dit "herlaai" ons geestelike battery en help ons om te "connect" met die Here.

### GESELS

**Lees: Matt 4:1-11**
**(Gen 2:15-17 en 3:1-7)**

- Hoekom het Jesus gevas?
- Hoe hanteer Jesus die versoekings?
- Hoe het Adam en Eva dit hanteer (vgl. storie in Genesis)
- Vertel van 'n keer toe jy God se stem gehoor het - wie/wat het jou daarmee gehelp?

### DOEN

Dink saam wat elkeen kan prysgee of minder van doen (bv. sjokolade, koffie, sosiale media) of meer van doen (bv. tyd maak vir gebed) vir die volgende 40 dae om te "connect" met die Here. Julle kan bv. besluit om elke dag saam na die DinkJeug Families App te luister.

### BID

www.dinkjeug.co.za/gebed-labirint

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: